1 November 2026

Junior Kategese: Voorskool – Graad 6



***Voorskool*: Tydens die erediens in die ou moederskamer in die kerk.**

Groei-goggas: Groen vir groei.

Daniël se vriende in die leeukuil.

Ons moet kleuters nie onderskat nie. Selfs klein mensies wat kinders van die Here is kan en moet opstaan vir die Here. Die verhaal van Daniël se vriende is weereens nie 'n maklike verhaal nie, maar hulle voorbeeld help ons om ook vir die Here op te staan. Die kleuters leer om te sing:

Staan op en sê nou ek is lief vir Jesus, Staan op en sê nou ek is lief vir Jesus
Almal wil weet, ja, almal wil hoor, Is jy regtig lief vir Hom.

Kategeet: Rona van Zyl (082 339 1362)

***Graad 1-6*: Tydens die erediens in die kerksaal.**

My Blink ID: "Labels" Ek is 'n geur!

Ons praat oor wie ons in die Here is. Ons is steeds op die tema van geure. Ons Here, hoe vreemd dit mag klink, kan ons ruik. Meer spesifiek, ons Here ruik ons wanneer ons met Hom praat deur gebed. Ons gebede styg op soos wierook, en Hy vang ons gebede op in groot bakke en stort dit weer terug op aarde om so sy lieflike geur te versprei. So, wat is wierook en hoekom word dit aan ons **Blink ID** gekoppel? Sondag gesels ons hieroor.

Openbaring 8:4 "*En die rook van die reukwerk het met die gebede van die heiliges uit die hand van die engel opgestyg voor God*".

Kategeet: Ds Werner Schultz (084 645 1173)

Senior kategese: Graad 7 – 12

Die senior katkisante kom elke Sondag na die erediens (behalwe skoolvakansies en langnaweke – sien kerkkalender in dié verband), in die **konferensiekamer**, in die kerksaal byeen.

Kategeet: Gideon Muller (083 236 9869)
Kategeet: Ds Willem Sauer (071 674 1675)